Verwysing: 20201215-383
Lêerno.: 13/2/2/B
Navrae: Direkteure: Kurrikulum VOO en AOO

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0010/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings

Kort opsomming: *Verskaffing van riglyne vir die inwerkingstelling van die herwinning van die jaarlikse onderrigplanne vir alle grade in 2021.*

Onderwerp: Vrystelling van die herwinning van die kurrikulum se jaarlikse onderrigplanne in 2021

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het **Omsendbrief S13 van 2020 (Bylae A)** op 11 Desember 2020 vrygestel. Hierdie nasionale omsendbrief het die herwinning van die jaarlikse onderrigplanne (JOP's) wat in 2021 vir graad 1 tot 12 in werking gestel moet word, vrygestel.

2. Omsendbrief S13 van 2020 herroep en vervang Omsendbrief S2 van 2020, wat die hersiene en besnoeide JOP's vir inwerkingstelling in 2020 gedek het, en Omsendbrief S3 van 2020, wat die riglyne vir die inwerkingstelling van 2020 se JOP's gedek het.

3. Om die impak van COVID-19 op leer en onderrig te versag, het die Departement van Basiese Onderwys 'n veeljarige benadering tot die herwinning van die kurrikulum aanvaar.

4. Kurrikulum AOO en VOO se direktorate sal die herwinning van die JOP's vir graad 1 tot 12 in alle vakke bemiddel. Die besonderhede van hierdie bemiddelingsessies sal deur die kurrikulumbestuurders aan skole oorgedra word.

5. Verdere ondersteuning vir die inwerkingstelling van die herwinning van die JOP's vir 2021 sal deur kurrikulumamptenare gebied word.

6. Die herwinning van die JOP's vir alle vakke en grade is op die DBO se webwerf: https://www.education.gov.za beskikbaar.

7. U ondersteuning om te verseker dat die herwinning van die JOP's doeltreffend in werking gestel word, word waardeer.

8. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderwysers te bring en toe te sien dat alle onderwysers die bemiddelingsessies bywoon.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTRUUR
DATUM: 2020-12-15